31 Mei 2020

# PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE

nous praktiese wysheid...

# Johannes 20: 19-23

## ons storie
ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Hoe het God jou in die Covid-19 inperkingstyd verras?

## word stil

Lees Psalm 104: 24-34 as 'n gebed.

Dink na oor God se skepping en wat ons daaroor leer in die Corona virus tyd?

## GOD se storie
wat sê die Bybel

Lees saam
Johannes 20: 19-23

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

## GOD se storie
gesels hieroor na

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.  Of enige vrae wat jy nou het.
- Vrees het gemaak dat die dissipels hulleself toegesluit het. Met watter vrese leef julle? Wat is die gevolge daarvan?
- Vrees maak ons na binne gerig. Op onsself gefokus. Hoe sien julle dit uitspeel in ons samelewing? Wat is die gevaar hiervan? Hoe beleef jy dit?
- Deur hulle uit te stuur verander Jesus hulle perspektief van binne- na buite gerig. Wat leer ons hieruit? Hoe daag dit jou uit?
- Wat is die betekenis daarvan dat Jesus twee keer sê: “vrede vir julle?”
- Hoe sal julle die rol van die Heilige Gees beskryf? Hoe verstaan jy die rol van die Gees in jou lewe?
- Wat dink julle van hierdie stelling: “die vergewing van sondes is waaroor die evangelie gaan.”

## ons nuwe storie

**Hoe ons nuut dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.**
**Verder en Voor:**

Na wie toe word jy gestuur in hierdie tyd?

## na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte?  Kan julle dit in een sin opsom?

## bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

**Dank God daarvoor.**

